

KONFERENSIE VAN UNIVERSITEITSPRINSIPALE  
EN VISEKANSELIERS, TORONTO, AUGUSTUS 1958

- I Daar was baie bespreking oor wat 'n universiteit en sy ideale is. Dr. Rao van Indië en dr. Cyril James van McGill-Universiteit, Montreal, het die bespreking met referate ingelei.
- II Oor die algemeen was daar nie veel fout met die referate te vind nie, ofskoon 'n mens soms iets oordrewe liberaals in die agtergrond gevoel het. Dr. Rao het o.a. 'n lang betoog gehad oor 'n mooi idee waarop hy gekom het, nl. dat die Universiteit 'n "sanctuary of ideas" is. Dr. Cyril James het verwys na probleme rakende universiteite in verskillende lande, o.a. Suid-Afrika, en verwys na universiteite wat gestig word vir mense "on the basis of the colour of their skin".
- III Dr. Rautenbach van Pretoria het gepraat oor die sg. vryheid van universiteite en o.a. daarop gewys hoe universiteite in Holland, wat Staatsuniversiteite is (soos Groningen, Utrecht, Leiden), bekend staan vir hulle verdraagsaamheid en vryheid. Ook: hoe baie Jode in Holland, en Amsterdam by name, vryheid gekry het. Ook het hy verduidelik hoe daar in Suid-Afrika by Afrikaners verdraagsaamheid was en is.
- IV 'n Bietjie later het my beurt gekom. Eers het ek groot waardering uitgespreek vir <sup>die</sup> referate van dr. Rao en dr. Cyril James, en ook die voorreg en geleentheid geloof dat ons in so 'n vergadering van uitgelese universiteitsmense kalm en duidelik oor hierdie groot probleme kan praat. Daarna het ek 'n paar hoofpunte geneem.
- V Dat ons in ons begrip van wat 'n universiteit is, besig is om te oor-vereenvoudig. Spesiaal die idee van 'n "sanctuary" van dr. Rao ontleed. Is dit waar? Kan 'n universiteit aanspraak maak op volle vryheid van denke? M.a.w. kan hy 'n reg opeis wat die individu nie het nie? Selfs in stryd met die wet van die land? Ons het die Engelse stelsel van regering. Ons is erfgename van die "Mother of Parliaments" en die Engelse stelsel wat by Westminster ontwikkel is. Net soos die Engelse glo ons: "The electorate is supreme". Hoe kan ons dan 'n universiteit as 'n sanctuary beskou, en hulle aanmoedig om selfs teen die wet van die land te gaan?

VI Universiteite het vandag van veel groter praktiese waarde vir die Staat en gemeenskap geword. Ons is nie meer in die Middeleeue nie, toe die Universiteite afgeslote eenhede was, waar hulle hul met studies besig gehou het wat van weinig waarde in die praktyk was. Die Staat gee vandag groot somme geld aan die Universiteite. Die Staat kan dit nie doen net om van die Universiteite plekke te maak waar mense vry en onbelemmerd abstrakte denke kan beoefen nie. Trouens, die V.S.A. het dit nie beoog toe hulle miljoene dollars aan die Universiteit van Chicago gegee het om die atoombom te ontwikkel nie. Engeland beoog dit nie waar hy verskeie van sy Universiteite miljoene ponde gee om studies in die Kernkrag voort te sit nie. Ons mag nie so 'n anakronisme begaan om in die 20ste eeu met die 12de eeu se konnotasie van Universiteite rond te loop nie.

VII Dr. Cyril James se stelling i.s. aparte Universiteite in Suid-Afrika op grond van „difference of colour of skin” is oppervlakkig en slegs gedeeltelik juis. Dit gaan immers glad nie oor „colour of the skin” nie. Ek glo van harte in die gelykheid van alle mense. Die kleur van die vel is, wat die grootste meerderheid van nie-blankes betref, maar die aanduiding van 'n groot verskil in beskawing en ontwikkeling. Inderdaad is dit grotendeels die verskil tussen die Westerse beskawing en barbarisme. Indien ons wit en swart gelykstel, sal ons dié ideale waarvoor die blankes in Suid-Afrika, en ook die blankes in Europa en Amerika, die hoogste offers gebring het, onherstelbare skade aandoen. Dit moet al die aanwesiges hier weet. Dit is die feite. Ons praat oor nie-blankes in Suid-Afrika, en nie oor nie-blankes in Amerika of Indië of Pakistan nie. Ons moet die feite onder die oë sien, en dan moet ons mekaar in alle eerlikheid help.

VIII Die aanwesiges het ernstig geluister, en deurgaans was die atmosfeer elektries. Toe ek gaan sit, het baie my luid toegejuig, ofskoon sommige roerloos bly sit het. Baie het my egter daarna kom gelukwens, by sommige was dit klaarblyklik eg, by ander was dit miskien maar 'n leë kompliment. Oor die algemeen dink ek egter die uitwerking was goed; baie het gesê dis die eerste keer dat hulle so 'n duidelike, openhartige stelling van hierdie probleme gekry het.